

BELEID EN PROSEDURE MET BETREKKING TOT ONTVANGSTOESTELLE (TV-STELLE)

Beleidsnommer:

Bestek: Die beleid bevat die reëls en prosedures ten opsigte van die:

- aankoop van ontvangstoestelle wat onder wetgewing verplig is om lisensiegelde te betaal en
- die verkryging / opdatering / kansellering en betaling van TV-lisensies.

Beleid:

Alle aankope van items wat toegerus is met 'n ontvangstoestel, ongeag of dit as 'n TV gebruik word of nie en ongeag die aankoopbedrag, moet in oorleg met Afdeling Fondse- en Batebestuur hanteer word.

Alle betalings van jaarlikse TV-lisensiegelde moet in oorleg met Afdeling Fondse- en Batebestuur hanteer word.

1. Aankoop Prosedure

- Geen ontvangstoestel mag deur 'n diensverskaffer gelewer word indien die betrokke Departement/Afdeling nie bewys lewer van 'n geldige TV-lisensie nie, soos gekommunikeer met en goedgekeur deur Afdeling Fondse- en Batebestuur.
- Alle versoeke vir ontvangstoestelle moet aangevra word deur 'n amptelike US bestelling (verwys na die Aankope Beleid en Prosedure)
- Alle Aankooprekwisies vir die aankoop van 'n ontvangstoestel moet deur Afdeling Aankope na Afdeling Fondse- en Batebestuur verwys word vir goedkeuring alvorens die amptelike Bestelling bevestig word.
- Afdeling Fondse- en Batebestuur bevestig of die betrokke Departement/ Afdeling in besit is van 'n geldige TV-lisensie.
- Indien die betrokke Departement/Afdeling *wel in besit van 'n lisensie is*, word die Aankooprekwisie gewysig na 'n amptelike Bestelling. Afdeling Fondse- en Batebestuur sal na voltooiing van die programmaties Goedereontvangs die betrokke TV-lisensie se inligting m.b.t. die aantal stelle opdateer by die betrokke owerheid.
- Indien die betrokke *Departement/Afdeling nie in besit van 'n lisensie is nie*, sal Afdeling Fondse- en Batebestuur die betrokke Departement/Afdeling adviseer i.t.v. die voltooiing van die nodige dokumentasie ten einde 'n nuwe lisensie te verkry. Met verkryging van die nuwe lisensie vir die betrokke Departement/Afdeling sal die Aankooprekwisie na 'n amptelike Bestelling gewysig word deurdat Afdeling Fondse- en Batebestuur goedkeuring/bevestiging aan Afdeling Aankope verleen.
- Geen Aankooprekwisies mag gewysig word tot 'n amptelike Bestelling alvorens die betrokke Departement/Afdeling nie in besit is van 'n geldige TV-lisensie nie, soos bevestig deur Afdeling Fondse- en Batebestuur.

2. Lisensies

- Alle aansoeke om besigheids TV-lisensies moet deur die betrokke Departement / Afdeling in samewerking met Afdeling Fondse- en Batebestuur hanteer word.
- Alle daarop volgende jaarlikse betalings van Lisensiegelde word deur Afdeling Fondse- en Batebestuur hanteer.
- Alle korrespondensie m.b.t. die verkryging / opdatering / kansellering van 'n TV-lisensie moet deur Afdeling Fondse- en Batebestuur hanteer word.

3. Verantwoordelikhede in die Proses

- Die betrokke Departement/Afdeling plaas 'n Aankooprekwisisie vir die verkryging van 'n nuwe TV-stel d.m.v. program EAS500P.
- Die betrokke Departement / Afdeling is in samewerking met Afdeling Fondse- en Batebestuur, verantwoordelik vir die korrektheid van die US se TV-register.
- Afdeling Aankope verwys alle Aankooprekwisisies m.b.t. TV-stelle na Afdeling Fondse- en Batebestuur vir kontrolering en goedkeuring.
- Afdeling Fondse- en Batebestuur kontroleer dat die betrokke Departement/Afdeling wel in besit is van 'n geldige TV-lisensie, dat die aantal stelle soos aangedui op die bestaande lisensie korrek is en keur dan die Aankooprekwisisie goed.
- Afdeling Fondse- en Batebestuur is verantwoordelik vir die byhou van 'n TV-register volgens wetgewing.

Kontakafdeling:

Fondse- en Batebestuur
(Tel 021-808 4609)
